

1 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

5 Mei 2001

Ope brief aan Dr Nigel Lee oor die “10³ jaar” van Opb 20

Geagte Dr Lee,

Na aanleiding van u lesings op 1 Mei oor die 1000(de) jare volgens die Openbaring van Jesus Christus soos opgeteken in Openbaring 20, die volgende vrae en opmerkings vir u oordenking of kommentaar:

Definisie van Post-Millennialisme: Jesus Christus se fisiese wederkoms na die aarde eers NA 'n lang tydperk van baie geseënde regering van die hemele op die aarde as gevolg van die vernietiging van die Dier en die Valse Profeet, sowel as die binding van Satan sodat hy die nasies nie meer kan verlei nie.

1. U post-millennialistiese visie vir die “goue” toekoms van die koninkryk van die hemele op aarde is Skriftuurlik kontroleerbaar baie goed gemotiveer uit beide die Hebreeuse (OT) en Griekse (NT) geskrifte.

U het baie kerkvaders, hervormers en geleerde protestantse teoloë aangehaal wat bevestigbaar ook 'n post-millennialistiese visie van die Steenryk op aarde het.

Is daar dalk Christelike kerke wat die post-mil visie vandag as amptelike evangelie (blye boodskap) verkondig?


2. Alle Calvinistiese of Gereformeerde kerke wat ek ken het 'n amptelike a-mil standpunt (van een of ander aard). Is daar dalk enige Gereformeerde kerk wat die post-millennialistiese visie as amptelike en enigste millennium-kerkleerstelling verkondig?
3. U verwysing na die sesdaagse skeppingsweek as heenwysing na die herskepping en post-mil voleinding van alle dinge was vir my treffend. Kan die Sewende Dag 'n tipe van die “Sabbatsrus” wees as die komende “goue” millenium(s)?

2 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

4. Stem u saam dat die vooruitgang in die (heils)geskiedenis waarna u verwys het, goed gedemonstreer word deur die progressie van die Tuin in Genesis tot die Stad in Openbaring?
5. Die woord “Kerk” kom nie voor in die ‘33-vertaling van die Afrikaanse Bybel nie. Ek verkies die woord “Gemeente” om die eersteling van die gelowiges uit Israel as die ligg. Wat is u definisie van “Kerk”?

My siening hieronder:

Sommige lidmate van sommige hedendaagse kerke behoort aan Gemeente van Christus, dog baie lede van die Gemeente van Christus vandag nie lede van post-moderne kerke nie.



6. U het gesê: “Jode sal op hulle tande kners as hulle sien wie gekruisig is”. Moet dit nie eerder wees: “Jode sal op hulle tande kners as hulle sien dat hulle buite die koningryk staan nie”?
7. U het Calvyn aangehaal: “Die lig het eerste geskyn in Judea.” Moet dit nie eerder wees: “Die lig het eerste geskyn in Galilea”?
8. ‘n Vraesteller het Paulus ‘n Jood genoem. Sou dit nie baie verwarring uitgeskakel uit en die blye boodskap, goeie nuus of evangelie van die Skriftuurlike post-mil toekomsvisie bevorder het, as u onderskeiding gemaak het tussen Paulus as Israeliet en die hedendaagse Khazare Jode, sowel as die destydse Judeërs en Judahiete nie? Is die volgende onderskeidings nie belangrik in die post-mil toekomsvisie nie?

3 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

- Onderskeid tussen Kerk en Gemeente
- Onderskeid tussen Jode en Israeliete
- Onderskeid tussen Jode en Khazare
- Onderskeid tussen goeie en slegte vye
- Onderskeid tussen Edomiete en Judeërs
- Onderskeid tussen heidene en nasies
- Onderskeid tussen Vrouesaad en Slangesaad binne die Adamiete
- Onderskeid tussen Adamiete en nie-Adamiete
- Onderskeid tussen Christus (Gesalfde) as die Lydende Kneg (Seun van God) en Spruit uit Isai (Seun van Dawid) nie?
- Onderskeid tussen die evangelie van Lossing en Versoening en die evangelie van die Koninkryk van die Hemele (regering van bo) wat vrede en geregtigheid bring

Van die bogenoemde onderskeidings maak 'n herinterpretasie van Romeine 11 moontlik, wat nie vereis dat die hedendaagse Khazare en Edomietiese Jode/Judaïste hulle eendag moet bekeer in 'n post-mil toekomsvisie nie. Dit elimineer ook die sentrale rol van die hedendaagse anti-post-mil Kerk in 'n post-mil visie. Stem u saam dat so 'n herinterpretasie moontlik is indien die onderskeidings in ag geneem word?

1. U noem Calvyn die genie van Geneva – tog het hy nie veel van die 21ste eeu geweet nie. Ek sou u graag die “bright boy van Brisbane” wou noem. Kan u bevestig dat alhoewel u 'n klipharde voorstander van die uitverkiesingsleer is, sekere aspekte van u uitverkiesingsparadigma wat verskeie fundamentele aspekte betref, baie meer Skriftuurlik is as die van Calvyn wat 'n half-millennium gelede nog 'n baie beperkte “individualistiese minderheidsvisie” gehad het?
2. Die “moederbelofte” van Gen 3:15 – verwys dit primêr na Jesus Christus of eerder in die eerste plek na die nageslagte van die Vrou en die Slang?
3. Die “Groot Opdrag” van Matt 28:19, hoe rym dit met Matt 10:5-8? Is Matt 28:19 'n latere byvoeging, of beteken “die nasies” iets anders as “heidene” in die algemeen?

4 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

4. Kan ons die Moslems dwing om die profeet Jesus van Nasaret as hul Losser (Lossing was 'n bloedverwantreg) te aanvaar, terwyl hulle eintlik Ismaeliete is? Kan ons soos die Kruisvaarders probeer om Jesus Christus die Koning van die Moslems te maak deur dwang of preek? Sal dit nie tot groter eer van Elohim strek as die Moslems vrywillig na die berg Sion optrek, nadat Christelike Israel Christus as hulle nasionale koning aanvaar het en die seëninge van die koninkryk aan die nasies op die aarde gedemonstreer het nie?
5. Bhoediste het hoë etiese waardes en gesonde morele oortuigings – daarvan het hulle sekerlik nie bekering nodig nie. Die Christendom het 'n lang geskiedenis van onheil en bose daade wat in sy naam gepleeg is – die Bhoedisme het nie so 'n donker wolk wat oor hulle hang nie. Die Indiërs en ander Oosterse mense wat die Bhoedisme geërf het wil ook graag van die lyding op aarde verlos word, maar wat se bewyse het hulle dat die Christelike godsdiens die oplossing bied? Hulle sal mos eers tydens die post-mil koninkryk van die hemele op aarde vir Jesus Christus aan die vrugte van sy werk kan beoordeel?
6. U het gesê ons moet in hierdie land elke Bhoedis, Mohammedaan en selfs ANC bekeer. Ek wil u daarop wys dat 75% van Suid-Afrika se bevolking reeds Christene is, dus prakties alle ANC's is reeds gekersten. Watter persentasie Aboriginies en Indonesiërs het die wit Australianers al gekersten?

Die hieropvolgende opmerkings is bedoel om die agtergrond vir bogenoemde vrae te stel. Enige kommentaar sal hoogs op prys gestel word.

In ons kerklike kringe blyk dit dat dit wat onder die “groot verdrukking” en die “anti-chris” verstaan word, 'n post-moderne post-mil visie ondermyn. Ek stem saam met u dat die pous en die RK gedurende die Middeleeue tereg deur die Hervormers geïdentifiseer is as die anti-chris en die man van sonde. Hy beskou homself as die verteenwoordiger van Christus op aarde – in die plek van Christus, en sit in die tempel (kerk).

Jesus het ons gewaarsku in Matteus 24:5: " *Want baie sal onder my*

5 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

Naam kom en sê: Ek (Jesus Christus!) is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.” Die implikasie is dus dat die wat Jesus Christus as die gesalfde verkondig, juis die gevaarlikste anti-chris is. Dit is vandag nog geldig in die Judeo-Christelike kerke, en ook die RKK wat die afgelope half-eeu volledig deur “Jode” geïnfiltreer is en beheer word.

Die enigste verskil t.o.v. 500 jaar gelede is dat die anti-Christelike Christelike hoerkerk vandag haar mag aan die Dier (regerings van die wêreld) gegee het. Sonder absolute politieke mag tree die kerk nou op as Valse Profeet om die Babiloniese ras- en wêreldeenheidsbeeld aan die mense te verkoop, en so die Dier aan die lewe te hou. Die meeste **Calvinisiese en Gereformeerde** kerke neem hieraan bewustelik of onbewustelik deel! In Suid-Afrika het ons dit so pas ondervind. Markus 13:22: “Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.”

Die Boerevolk moet verlos word van valse profete, voordat die God van Jakob en die God van Bloedrivier hulle kan verlos van die verdrukking onder die Dier. Aan die Boerevolk moet die evangelie weer suiwer verkondig moet word, want aan hulle behoort die beloftes en Gelofte – maar geen kerk bedien aan hulle die blye boodskap van die koninkryk van die hemele op aarde wat naby gekom het nie.

Voordat die ware Gesalfde Koning van die aarde (die Christus as Spruit van Isai en Seun van Dawid, die Seun van die mens – nie die Messias as Jesus die Lydende Knecht, die Seun van God nie) as vrug of uitgroei van Jesus se sterwe, opstanding en hemelvaart, in die post-mil koninkryk van die hemele (regering van bo!) op aarde sal manifesteer, moet die Dier (wêreldregerings) en die Valse Profeet (kerke) eers vernietig word. Dan eers kom die **Babiloniese Pakt** tot ‘n einde, en daal die Nuwe Jerusalem uit die hemel neer.

Dit is die evangelie (goeie nuus) van Christus as die verpersoonliking van die koninkryk van die hemele (regering van bo) wat tot ‘n getuienis (oordeel of redding) van al die nasies verkondig moet word.

6 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

Dit is ook die worstelstryd oor die millennia – die stryd tussen die Vrouesaad en die Slangesaad. Regering van bo, van God en Christus in reg en geregtigheid, of tirannie deur sondige en gevalle mense van die Bose soos Kaïn, Nimrod, Esau, Babilon, Rome, die VVO en NWO soos tans verteenwoordig deur **Pax-Judica** wat Pax-Brittanica en Pax-Americana insluit.

Jesus Christus het die oorwinning van die Vrouesaad oor die Slangesaad bewerkstellig deur die oorblyfsel van sy verstrooide en vervreemde sondige volk Israel weer met hulle God te versoen. Efesiërs 2:12: “dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.” Onder die verbond van Sinaï – die Wet – kon (tydelike) versoening slegs plaasvind deur die bloed (die lewe) van ‘n lam sonder gebrek. Christus het Sy Gemeente uit daardie onbesnede verheidenste verstrooide stamme bymekaargemaak deur sy eie lewe vir sy skape af te lê. Matteus 1:21: “en sy sal ‘n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” Lukas 1:77: “om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,” Hebreërs 2:17: “Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy ‘n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.”

Deur die geloof van Jesus Christus kan die vervreemdes ten opsigte van die beloftes en die verbond, nou opnuut van bo verwek word (wedergeboorte – die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe), en so weer burgerskap van die koninkryk van die hemele op aarde verkry.

Wat hulle vroeër op grond van hul etnisiteit outomaties besit het (die beloftes en die koninkryk van die hemele), maar verloor het deur hulle hoereerdery (vermenging) en sondes onder die wet, kan nou slegs verkry word deur saam met Jesus Christus te sterf en weer as van bo verwekte mens die bruilofsklere aan te trek.

7 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

Die vrugte wat by die bekering pas word die onderskeiding tussen die goeie en slegte saad wat vermeng is, dieselfde lyk en saam opgroei tot by die oesoonderskeiding.

Vandag staan die gelowiges uit die oorblyfsel van daardie destyds verheidenste, vermengde en verstrooide Israeliete as Christene bekend en vorm hulle die Gemeente van Christus op aarde – die eersteling uit Israel. Die Gemeente van die NT is die gesuiwerde en geheiligde Gemeente van die OT deur Jesus Christus. Hy het sy gemeente so liefgehad het dat hy sy lewe gegee het om sy volk van hulle sondes te verlos, sowel as om die kinders van God weer tot ‘n eenheid saam te voeg as Sy Liggaam op aarde. Johannes 11:52: “*En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg.*”

Volgens die wet van Moses mag die geskeide vrou weer trou as haar man gesterf het. Christus het gesterf, dus mag die Gemeente as manlike liggaam van Christus op aarde die menigte verstrooide Israelnasies as geskeide hoervrou van God weer die hof maak om haar voor te berei vir die groot bruilof. Dan sal sy weer as opgestane (soos Lasarus) en wedergebore diensvolk vir die nasies, die koninkryk van die hemele op aarde kan demonstreer in die duisendjarige vrederyk op aarde – voor die sigbare en finale wederkoms van Jesus Christus na die nuwe vuur-gereinigde onverganklike aarde en hemele.

Dit was Paulus se sending, en dit was **die groot opdrag** aan die apostels en die dissipels volgens Matt 10:5-7. “*Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in ‘n stad van die Samaritane nie; maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel. En gaan preek en sê; Die koninkryk van die hemele het naby gekom.*”

Dit is my bedede saam met u dat God arbeiders al stuur, want die oes van al die nasies tydens die Messiaanse vrederyk sal groot wees. Ook is daar vandag ‘n tekort aan ware profete en kerke wat die evangelie van die komende post-mil koninkryk op aarde verkondig. Die vyf dwase maagde slaap omdat die bruidegom getalm het. Jesus sê in sy profetiese rede in Matt 24:14: “*En hierdie **evangelie van die koninkryk** sal verkondig word*

8 *Profetische betekenis van Elia, Jona en Lazarus No. 232a*
(Artikelen van Jakob Mouw uit Zuid Afrika)

in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde (van die Babiloniese bedeling) kom.”

Aan die einde van die huidige bedeling leef die Boerevolk in die Gelofteland aan die Suidpunt van Afrika weer in groot verdrukking, en dit lyk asof die benoudheid van Jakob nog groter sal word. Die volk is sonder herders en gaan ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis.

Niemand is so onnosel soos die kneg van die Here nie, en baie mense besef nie eers hulle leef tydens ‘n groot misleiding en verdrukking nie. Sels gereformeerde kerke wat nog ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag van die waarheid verloën het, roep vrede terwyl daar geen vrede en geregtigheid in die land is nie. Al die kerke pas in by die koninkryk van die Dier, nie een van hulle word deur wêreldse regerings vervolgt nie.

Die einste kerke wat van die kansels vir Jakob veroordeel omdat hy glo die eersgeboortereg deur bedrog verkry het, eien vir hulleself die reg toe om onder die voorwendsel dat hulle self Israel is, die Dier-regerings van die Israellande as deur God ingestelde legitieme staatsgesag te erken. Sels die Edomiete wat met Jakobsgevaad rondloop word deur die meeste kerke as God se uitverkore volk aanbid.

Daar word sels gebid vir die bekering van die hedendaagse “Jode”, terwyl juis van hulle deur die wêreldwye media wat hulle beheer, maak dat almal die Dier en sy beeld aanbid – almal wie se name nie opgeskryf is in die Boek van die Lewe nie.

U het tydens u aanbieding gesê dat die kerke van vandag groot hervorming nodig het, voordat die die koninkryk van die hemele in sy volle glorie tydens die komende millennium vir al die nasies, volke en rasse op aarde tot groot seën sal wees. Ek is egter bevrees dat die kerke hierdie evangelie van die koninkryk verwerp, omdat hulle dan nie meer die skape aan die slaap kan sus met hulle valse leerstelling dat die fisiese koms van Jesus Christus as persoon en die einde van hierdie aarde “baie naby” is. Weerstand teen die Dier wat die kerke goedgesind is, is dus by implikasie heeltemal onnodig en nutteloos. Gereformeerde kerke bid vir ‘n rustige lewe onder die regering van die Dier, terwyl die volk kreppeer onder die


propaganda van die vyande van God! Die volk word Sondag na Sondag gesus met gnostiese paradys-in-die-hiernaams praatjies.

Die aarde is ook nie ons erfenis nie, maar die onsigbare hemel waar ons met onsterflike siele vir altyd soos engele in 'n multi-kulturele en veelrassige koor sal sing. Die wat van die kerk verskil is van ewigheid af uitverkies om oneindig lank lewendig teen hoë temperature te oksideer in 'n brandende vlammeel.

As Elia hier was het die bloed van gereformeerde Baalspriesters weer op Karmel gevloei.

Die diagram hieronder is 'n opsomming van my post-mil visie op die komende koninkryk van die hemele op aarde.

Post-Millennialistiese Vrederyk (Herstelde Koninkryk van Hemele) op Aarde



Herstelde nuwe onverganklike hemele en aarde, faseverandering in materie/energie en heelal(le) – werke op ou aarde word nog gevind.

- Jesus Chistus kom weer, die dodes staan op, Satan, mense en nasies word geoordeel. Satan en dood word soos Dier en Valse Profeet ook vernietig.
- Boere-Afrikaners leef in vrede en geregtigheid aan Suidpunt van Afrika.



Koninkryk van die hemele (regering van bo) op aarde – duisende jare vrede en geregtigheid, alle nasies, volke en rasse wat wil deel in seëninge.

- Satan gebind want Dier en Valse Profeet vernietig.
- Gemeente (nie Kerk nie) van Christus "regeer" as sy liggaam op aarde
- Gelowige en weergebore (van bo verwekte) Israel-Christennasies voorbeeld en dienskeg vir al die ander volke, rasse en nasies op aarde. Mohammedane, Bhoediste, Bantoes ens informeer oor die koninkryk van die hemele (van Christus), omdat hulle ook in die seëninge wil deel deur die wette van God te volg en na sy woorde te luister. Jesus Christus word verheerlik as Koning en geken as enigste ware Saligmaker.

Geagte Redakteur: Die Boodsapper

Die puik artikel deur ds. Adriaan Swart oor "Geloofsgenesing deur TB Joshua" in die Junie 2001 uitgawe van Die Boodsapper verwys.

Dit is die eerste amptelike waarskuwing vanaf 'n APK herder in Die

Boodskapper dat TB ‘n valse profeet is - ongelukkig ‘n jaar te laat. Van ons lidmate het reeds seergekry.

Selfs Die Huisgenoot het intussen al tot bogenoemde slotsom gekom, sonder die nodigheid om dit te toets aan die Woord van God.

As sekulêre tydskrifte voor Die Boodskapper rapporteer dat TB Joshua ‘n valse profeet is, laat dit my wonder of ons eie stadige profete self nie ‘n Karmeltoets nodig het nie.

Ons leiers behoort mos **dadelik** te **geweet het** dat die geïntegreerde **veelrassigge** Christelike byeenkomste in Lagos valse godsdiens is! (Sien “Waarvoor staan die AP Kerk” – Die Boodskapper Junie 2001). Waarom ‘n jaar lank swyg (van Junie 2000 tot Junie 2001) voor ‘n gepubliseerde waarskuwing?

As Jesus se waarskuwing oor die tekens van die verwoesting van Jerusalem aan sy kinders so laat was soos Die Boodskapper se waarskuwing oor TB Joshua, sou hy as waardelose of valse profeet gebrandmerk gewees het.

Aangeheg my brief en waarskuwing oor TB Joshua, gedateer in April, wat u klaarblyklik verlê het.

Groete Jacob Mouw
APK Middelburg
Kopie: Gemeente van Middelburg

2 Junie 2001

Geagte Redakteur: Die Boodskapper

Na aanleiding van Dr Francis Nigel Lee se opmerking in ‘n onlangse onderhoud na sy besoek aan Suid-Afrika dat “die APK kwaai sending sal moet begin doen” die volgende.

Die Boodskapper van April 2001 bevat ‘n reeks evangelisasie-artikels, waarin die gemeentes opgeroep word tot ywerige evangelisasiewerk onder afvallige volksgenote en verbondskinders. Daar is ‘n groot

waarheidsbehoefte juis onder ons eie kerk-misleide volkie wat tans in die verdrukking is weëns gereformeerde kerke se leiding in die veroordeling van Skrifgefundeerde afsonderlike ontwikkeling as sonde teen ons swart broeders en susters in die wit Christus.

Na aanleiding van dr. Lee se ywerige sendingwerk onder die Aborigenes en Indonisiërs in Australië, neem ek aan hy bedoel die APK moet kwaai sending juis onder die Swart volke in Afrika begin doen. Daarom dus die vraag – wat gaan **ons** doen aan die geweldige groot behoefte onder swartmense in Suid-Afrika (en Afrika) aan ware vrede, reg en geregtigheid?

Sedert Jan van Riebeeck sy voet in 1652 in die Kaap aan wal gesit het, is al die Swart volke in Suid-Afrika bekeer tot die Christendom. Na honderde jare van sending lê Afrika egter besaai met die grafte van Christelike sendelinge, maar die oorloë, korrupsie, verdrukking, uitbuiting en onreg in Afrika het saam met die kerstening net groter geword.

Wat het skeefgeloop met die filantropiese kerke se sending in Afrika? Het die sendelinge nie die evangelie van die koninkryk (regering van bo - i.p.v. diktators) verkondig nie, of deel die swart volkere van Afrika soos die Aborigenes van Australië ‘n sterk en lang geskiedkundige religie van die Geeste van die voorvaders, i.p.v. die (wit) God van die voorvaders van die (wit) Israeliete?

Deutr 4:19 sê: “en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie--**dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.**”

En in Miga 4:5 staan daar:

“Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, ...”

Volgens gereformeerde Calvinisme is bogenoemde volkeremassas almal as afstammelingen van die wit eerste Adam se sondeval tot die ewige vuurhel verdoem, daarom moet hulle bekeer word – indien nie deur die swaard nie (soos die kerke van vroeër) dan deur sending. Wetenskaplike ondersoek toon egter aan dat die voorouers van die Khoi en die San stamme van

Suidelike-Afrika al honderduisende jare op die Afrika kontinent woon – hoe rym dit met ‘n wit Adam as die eerste mens op aarde in Eurasië minder as 10 000 jaar gelede? Dit rym in ieder geval nie met die Bybel nie, wat as die “boek van die geslagte van Adam” geen ewige oordeel en pyniging oor die nie-Adamiëte uitspreek nie. Nog minder vervloek die Israeliete se boek (die Bybel), Gam se nageslag, as sou die Bantoevolkere van Gam afstam volgens die kerke.

Die meeste Christelike kerke van vandag maak daarop aanspraak dat hulle geestelik weergebore ras-geïntegreerde Israel is, alhoewel hulle ontken dat hulle vaders slawe in Egipte was. Hulle is dit ook almal eens dat Jona die bewys is vir kerke se roeping om Jesus Christus as verlosser en saligmaker aan die “Assiriërs” van Afrika te verkondig.

Die evangelie van die kerke se Jesus is egter nie die boodskap van YHWH aan die Nineviete nie: “Nog veertig dae, dan word Nineve verwoes.”

Selfs die koning van Nineve se dekreet: “Mens en dier ...moet ernstig tot God roep, en elkeen moet hom van sy verkeerde weg bekeer en van die onreg wat aan sy hande kleef”, word nie meer deur kerke verkondig nie, maar as ‘n rassitiese waarskuwing afgemaak.

In Jona 1 vers 1 lees ons: “En die woord van YHWH het gekom tot Jona,...Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Nineve en **preek daarteen**, want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig.”

Die profeet Jona was as prototipe van Israel, deur God geroep om teen die wêreldse nasies te gaan getuig tot oordeel of redding.

Soos wat Israel van haar roeping in die geskiedenis as heilige diensvolk vir die nasies weggevlug het, so vlug ook Jona van die aangesig van YHWH af weg. Hy het maar alte goed besef dat as hy as Hebreeuse doempfeet sonder Goddelike teken teen die volksvreemde en wrede Assiriërs in hulle hoofstad gaan preek, hulle sy velle lewendig van sy lyf gaan aftrek. Boonop het hy geweet (4:2) dat die ernstige veroordelende boodskap wat YHWH hom gegee het om aan die Nineviete te verkondig, tot hulle bekering sou lei.

Wat Jona gedink het gaan gebeur het gebeur “want ek het geweet dat U ‘n genadig en barmhartige God is, groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil”

Jona se Goddelike opdrag was nie om die Assiriërs in Nineve te vertel van ‘n Israelitiese Losser wat aan ‘n paal in Jerusalem (sou) gesterf het nie, maar om teen hulle profeties te getuig dat as hulle hulleself nie verander of bekeer van hulle ongeregtheid nie, hulle stad verwoes sal word. Hierdie boodskap van oordeel was tot die Nineviete se redding! As ons werklik ons vyande liefhet, moet ons dan nie juis ook die volke in Afrika vermaan en waarsku nie, i.p.v. om hulle wys te maak dat die Gees van ‘n wit Israeliet nou in hulle harte moet woon?

Die ondervindinge van die profeet Jona soos opgeteken in die heilige Skrifte gee vir ons die antwoord. In Jona 1:4 kan ons profeties sien dat YHWH self ‘n sterk wind op die volkeresee gewerp het. In die storm roep almal tot hulle eie God. Almal behalwe Israel, die het na die onderste dele van die skip afgeklim en vas aan die slaap geraak. Toe die nasies egter bemerk dat hulle gaan vergaan (selfs die afgooi van die skeepsading het nie verligting gebring nie), het hulle die lot gewerp om uit te vind om wie se ontwil hierdie ramp hulle getref het.

Jona maak sy ware identiteit bekend, en beken hy aanbid die God van bo – die Skepper van die see en die droë land, en sy naam is YHWH.

Die seeliede wil nie vir Jona in die see gooi nie, daarom het die see hoe langer hoe onstuimiger geword. Toe roep die seeliede nie meer elkeen tot sy eie God nie, maar tot YHWH, en hulle erken dat die opoffering van die lewe van Hierdie Man onskuldige bloedvergieting is, en aanvaar dat YHWH gedoen het na sy welbehag.

Nadat hulle hom in die see gegooi het, het die volkeresee stil geword van sy onstuimigheid – die onskuldige offer was gebring. “Toe het die manne YHWH gevrees ... en geloftes gedoen.”

Nie lank daarna nie kom die einste Jona wat in die stormsee oorboord gegooi en as dood verklaar is, by Nineve aan. Of die seeliede die gebeurtenisse rondom Jona op see reeds aan die Nineviete vertel het weet ons nie. Bekend is egter dat die Assiriërs ‘n visgod aanbid het, en Jona ex-vis was daarom aanvaar as ‘n amptelike gestuurde van God.

Of Jona dan nou werklik binne die vis of die vis in Jona, die Nineviete se optrede na Jona se waarskuwing tot bekering aan hulle, getuig daarvan dat hulle dit wel geglo het, naamlik dat Jona deur die vis uitgespoeg was. Daarom het hulle Jona nie vermoor nie, anders as die Judeo-Christene wat nie deur die nasies van Afrika herken word as deur God gestuur nie.

Die Nineviete se geloof was tot hulle redding, en Jesus doel hierop as hy vir sy dissipels verduidelik dat die teken van Jona die enigste teken is, wat vir die wêreld gegee is. Jesus verduidelik dan ook vir sy dissipels waarom God so ‘n ongelooflike teken vir die wêreld gee, sodat die wêreld hulleself nie maklik sal bekeer, en so hulle regverdige oordeel sal ontvlug nie. Maar as hulle hulleself bekeer op die teken van die Messias, sal dit tot hulle redding wees – net soos die teken van Jona vir die Nineviete was.

Vir die verbondsvolk het Jesus baie meer tekens tot geloof gegee, waarvan die grootste sekerlik die getuienis van die geskiedenis, die woord en die Gees. Danksy die teken van Jesus Christus, kan hierdie Christene soos Jona ook ‘n dagreis ver die geweldige groot “stad” van die wêreld ingaan – tot ‘n **getuienis** (oordeel of redding) van al die nasies.

Om egter die boodskap van die komende oordeel en bekering tot redding met vrug aan die goddelose volke van vandag te verkondig, **moet Israel herken word as gestuur deur God en vanuit Christus**, net soos wat Jona herken is as gestuur deur God, en vanuit die vis.

In Jona 4:11 lees ons dat alhoewel Jona baie ongelukkig en kwaad was dat God die Nineviete genadig was, God tog omgee vir die massas mense en diere van alle rasse, wat die onderskeid tussen hulle regter- en linkerhande nie ken nie.

Vir ons om aan die massas en die volkere van die hele wêreld te gaan sê: “Nog veertig dae, dan word Babilon verwoes” is nie baie lekker nie. Dit kan selfs baie ongesond wees as ons reguit soos Jona die komende oordeel aankondig.

Nee, ons hardloop eerder van ons roeping as doemprofete weg. Intussen word die golwe van onstuimigheid hewiger op die volkeresee van die wêreld, terwyl ons vas aan die slaap is in die onderruim.

Valse Christelike profete kom in ons plek in die naam van Christus en verkondig net die politieke en godsdienstig korrekte evangelie: “Vrede vrede, Liewe Jesus was ‘n Joodse seun van ‘n drie-een God, het vir uitverkorenes van alle rasse se sondes gesterf, alle aardbewoners stam van Noag en Adam af en is dus verdoem tot die hel, dit sal môre beter gaan as almal by ‘n gereformeerde kerk aansluit en binnekort gaan ons as gelowiges van alle rasse saam na ‘n ras-geïntegreerde hemel toe”.

Hulle verkrag die Bybel in dieselfde asem as wat hulle dit in die openbaar besweer as die Woord van God – soos deur hulle geïnterpreteer. Daarby verswyg hulle totaal die evangelie van die koninkryk van die hemele (regering van bo) op aarde en bou lustig saam aan die veelrassige toring van Babel sonder om die mense te waarsku: “Gaan uit haar uit my volk, want God sal al haar sondes in een dag besoek”.

Eendag gaan die wêreld in die krisisuur vir die nageslag van die Voortrekkers vra: “Wie is julle, wat is julle roeping en uit watter volk is julle?” Dan sal ons moet erken: “Ons is Hebreërs en ons aanbid YHWH, die skepper van die hemel, die aarde en die volkeresee. **Dit is om ons ontwil dat hierdie groot storm oor julle gekom het!**”

Christus het gekom om die aangename jaar van die Here aan te kondig, maar ons het meer as hy, ook die roeping gekry om die oordeel oor Babilon aan te kondig, tot redding van die nasies – ook die van Afrika.

En wanneer die oorblyfsel van Israel – ‘n ontsaglike groot leër - weer haar identiteit, roeping en sonde ontdek en Jesus met ‘n luide stem uitroep: “Lasarus kom uit!”, sal die grafte oopgaan en die gees in die dorre

doodsbeendere inkom. God se heilige diens- en getuienisvolk sal dwarsdeur die volkeresee op haar bestemde plek – die droë grond – uitgespoeg word. Die lot het op Jona geval, God het dit so in Sy raadsplan met die aarde en die mense beskik, ter wille van die beloftes aan die vaders - “En in jou nageslag, sal al die nasies geseën word.” En ter wille van Sy heilige Naam onder die nasies.

Dan sal die volkeresee stil word van sy onstuimigheid, en die seeliede van alle rasse sal Elohim vrees en slagoffer aan YHWH bring en geloftes doen. Die kennis van die Here sal die aarde oordek en Sion sal vir altyd bestaan. So sal dan die teken van Jona herbevestig word in die komende Steenryk op aarde – die hemelse Steentydperk, die Messiaanse Vrederyk as ‘n vrug en gevolg van Jashua die Messiah se dood, opstanding en verheerliking - soos geprofeteer deur die seun van Amittai.

Laat ons na aanleiding van dr. Lee se woorde dus begin om ons roeping soos Jona in Nineve na te kom, en sendingwerk te doen in Afrika: ”Nog 40 dae, dan word die nuwe Suid-Afrika verwoes”.

En laat die volk hulleself reining van Christelike Baalspriesters – wolwe in skaapsklere. Valse profete wat die pêrels voor die swyne gooi , en as die volk vertrap word bid vir nog meer pêrels vir die swyne.

Voordat ons boerevolkie na verootmoediging en bekering kan optrek na die berg Sion, die hemelse stad op aarde wat Abraham in die verte gesien het, die boom in wie se skaduwee die swart volkere ook sal rus, in wie se takke hulle ook sal nes maak, waarvan die blare tot hulle genesing sal wees, die Steen wat sonder toedoen van mense die hele aarde oordek, moet ons eers ‘n draai gaan maak by Karmelberg.

Die ware Gemeente van Jesus Christus as sy liggaam op aarde, die eersteling uit verheidenste en verstrooide oorblyfsel van Israel, moet weer duidelik onderskei word van die veelrassigge algemene Christelike kerk.

Dit sou ook gepas wees om die ware naam van ons Vader in die hemel en die ware lewende El van Abraham en Isak en Jakob, die God van

Bloedrivier te onderskei van die wêreld se Joodse Liewe Jesus en almal se drie-enige God.

Groete Jacob Mouw